Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Andre Lakey**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Andre.Lakey@westerncape.gov.za | 021 467 2025

Lêerno.: 18/2/R
Verwysing: 20241024-7637

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0013/2024

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole met Leerdervervoerskema-roetes

**Onderwerp: Tekortkominge wat gedurende 2023/24 se assessering van Leerdervervoerskema- (LVS-) roetes deur die Ouditeur-generaal (OG) geïdentifiseer is**

1. Gedurende 2023/24 se ouditsiklus het n verteenwoordiger van die kantoor van die OG 'n assessering van geselekteerde LVS-roetes in die Wes-Kaap onderneem, wat 'n beoordeling van die bestuursmaatreëls vir leerdervervoerdienste by skole ingesluit het.

2. Die OG het die volgende bevindings ten opsigte van die bestuur, monitering en oorsig oor LVS-roetes geïdentifiseer. 'n Opsomming van die bevindinge wat geïdentifiseer is op die roetes wat deel was van die steekproef, word hieronder gegee:

   (a) By sommige skole was daar geen bewyse van persone aan wie die taak en verantwoordelikheid toegewys is om 'n oorsigrol oor die LVS-roetes te vervul nie, en geen gedokumenteerde pligte vir sodanige persone is gevind nie.
   (b) Daar was geen bewyse van beheermaatreëls wat in werking gestel is om toe te sien dat slegs gemagtigde leerders van die vervoerdiens gebruik maak nie.
   (c) Daar was geen monitering om vas te stel of die leerders wat van die vervoerdiens gebruik maak, in werklikheid wel magtiging gehad het om dit te gebruik nie.
   (d) Leerders wat in sitplekke met 'n veiligheidsgordel gesit het, het nie die veiligheidsgordels gebruik nie.
   (e) Voorbeelde van sigbare defekte is gevind in voertuie wat leerders vervoer. Skole het nie van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Voertuiginspeksiekontrolelys (vorm WKOD 095) gebruik gemaak om visuele inspeksies van voertuie wat op LVS-roetes gebruik word, uit te voer nie.
   (f) Daar was geen bewyse van skole wat die gebruik van ongemagtigde voertuie op LVS-roetes aangeteken het nie.

3. **Oorsig oor en monitering van LVS-roetes by skole**

3.1 Die Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die bestuur van LVS identifiseer die prinsipaal as die amptenaar wat verantwoordelik is vir die bestuur van alle aspekte wat verband hou met LVS-roetes by skole. Daar word dus van prinsipale verwag om toe te sien dat die skool se rol ten opsigte van die administrasie van LVS-roetes, monitering van dienslewering en algemene oorsig oor die funksies van LVS-roetes uitgevoer word.

3.2 Indien die prinsipaal besluit om die bestuur van LVS-roetes by skole te delegeer, word daar vereis dat die verantwoordelikheid vir die LVS-funksies skriftelik aan 'n afgevaardigde amptenaar toegewys word.

4. **Inwerkingstelling van beheermaatreëls om te verseker dat slegs gemagtigde leerders vervoer word**

4.1 Om te verseker dat slegs gemagtigde leerders op LVS-roetes vervoer word, moet prinsipale 'n vereiste getal verantwoordelike amptenaar aanwys om te monitor of die leerders wat smiddae ná skool van 'n LVS-voertuig gebruik maak, ooreenstem met die leerders wat op die leerdervervoerdatabbasis op SOBIS gelys word.

4.2 Om monitors te help om gemagtigde leerders te identifiseer, moet 'n stelsel om leerders te identifiseer, geïmplementeer word (bv. kaarte wat leerders identifiseer / aantreestelsel / kentekens). Op hierdie manier sal monitors smiddae ná skool redelik maklik leerders kan identifiseer wat gemagtig is om van 'n LVS-voertuig gebruik te maak. Indien leerders nie oor 'n vorm van identifikasie beskik nie, moet die monitor dit by die prinsipaal / afgevaardigde amptenaar aanmeld, wat stiptelik reëlings moet tref vir die indien van 'n aanlyn LVS-aansoek om die leerders op die roete in te sluit, indien die leerders vir die vervoerskema in aanmerking kom.

4.3 Prinsipale behoort te oorweeg om 'n rotasierooster vir busmoniteringspligte op te stel.

5. **Gepaste gebruik van veiligheidsgordels in voertuie**

5.1 Dit is n vereiste van die Padverkeerswet dat sitpleke waar daar veiligheidsgordels toegerus is, dat die veiligheidsgordels op n gepaste wyse gebruik moet word.

5.2 Prinsipale moet toesien dat leerders en LVS Kontrakteurs bewus is van hierdie vereiste.

6. **Visuele inspeksies van voertuie**

6.1 Ingevolge die SBP vir die bestuur van LVS, moet prinsipale/afgevaardigde amptenare minstens een keer per maand visuele voertuiginspeksies uitvoer om die toestand van die voertuie te assesseer en die WKOD 095-vorm invul. Afskrifte van hierdie vorms moet as deel van die LVS-lêer vir die roete geliasseer word en moet saam met die maandelikse eis ingedien word. Enige defekte wat aan voertuie geïdentifiseer word, moet met die diensverskaffer aangespreek word.

6.2 Prinsipale moet toesien dat die voertuig/voertuie wat op die roete gebruik word in werklikheid die gemagtigde voertuig/voertuie vir die roete is. Die gemagtigde voertuig/voertuie vir LVS-roetes kan op die LVS-databasis op SOBIS besigtig word. Toegang tot die LVS-databasis vir 'n roete kan via die skool se profiel op SOBIS verkry word deur die volgende oortjies in die volgende volgorde te kies: *Administration >> Learner Transport >> Approved Routes >> LTS Route Details*.

6.3 Indien 'n voertuig wat nie die gemagtigde voertuig is nie op 'n roete gebruik word, moet die gebruik van die ongemagtigde voertuig per e-pos (ltsvehiclereplace@westerncape.gov.za) by die Subdirektoraat: Leerdervervoerskema by die WKOD se Hoofkantoor en die LVS-amptenare by die betrokke distrikskantoor aangemeld word.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-11-08